# DIE SOEKE VAN DRIE ARGITEKTE NA 'N PLANVORM VIR AFRIKAANSE GEREFORMEERDE KERKBOU

**Schalk W. le Roux**
*Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria, Pretoria 0002*
*Posbus 1357, Gordonsbaai, 7151*

**The search by three architects for appropriate plans for Afrikaans Reformed churches**

In the twentieth century most Afrikaans Reformed churches were designed by architects who were also members of these congregations. Until the middle of the century there were no clear-cut directives for the outward appearance or interiors of this building type and they themselves had to find answers to the nature of the religious requirements they had to translate into architecture. These searches led to a variety of interpretations. In this article the work of three architects is considered and a sequence of events in their search for appropriate plans, before the matter was considered by Church Commissions in the sixties, is sketched.

**Key words:** Architects, architecture, Afrikaans Reformed Church, church plans, tent church

Die meeste Afrikaanse Gereformeerde kerkgeboue is in die twintigste eeu gebou deur argitekte wat ook lidmate van dié kerke was. Tot die jare sestig van dié eeu was daar geen uitgestippelde riglyne oor die voorkoms óf binneruimtes van hierdie tipe geboue nie en hulle moes gevolglik hulle eie ondersoeke na die aard van die godsdienstige vereistes ondersoek en argitektonies vertolk. Dit het tot 'n verskeidenheid interpretasies aanleiding gegee. In hierdie artikel word na die werk van drie argitekte gekyk en 'n verloop van hulle soeke na toepaslike planne geskets, voordat in die jare sestig daaroor deur sinodale kommissies besin is.

**Sleutelterme:** Argitekte, argitektuur, Afrikaanse Gereformeerde kerk, kerkplan, kruisplan

Teen die jare sewentig van die vorige eeu was riglyne vir die ontwerp van Gereformeerde Afrikaanse kerke in Suid-Afrika feitlik vasgelê.

[1] J.H. Eybers, *Die kerkinrigting van die Nederduitse Gereformeerde kerke in Suid-Afrika* (Pretoria, 1934); H.J. Pienaar, *Die inrigting van die Nederduitse Gereformeerde kerk in Suid-Afrika* (Kaapstad, 1941); A. van Selms, *Protestantse kerkbou* (Kaapstad, 1954).

Tussen die jare dertig en sestig het verskeie publikasies met die probleem gespook[1] en in 1966 het 'n kerkkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n verslag in opdrag van die sinodes van die destydse Suid- en Noord-Transvaal gepubliseer waarin vele aspekte van kerkontwerp onder die loep geneem is.[2] Planvorm, liturgie, internasionale en plaaslike historiese ontwikkeling en leemtes in kerkbou is uitgelig. Sowel die inrigting van die binneruim en buitevoorkoms is bespreek as ingange, die toring, akoestiek en beligting. Die studie is afgesluit met 'n besinning oor die verkieslike grondplan en die betekenis van simboliek en kuns in kerkargitektuur. In die sinodale verslag word spesifiek na Afrikaanse Gereformeerde kerkbou verwys. Tot toe, skryf die redakteur in die inleiding:

> *... het die Nederduits Gereformeerde Kerk nog nie behoorlik besin oor hierdie deel van sy werksaamhede nie. Vir 'n groot deel het die verskillende argitekte leiding gegee aan kerkrade sonder dat die kerklike instansies self 'n bepaalde mening oor die kerklike argitektuur uitgespreek het.*[3]

Vroeër is dieselfde aangeleenthede deur ene *Architectus* in 'n reeks artikels in *Die Kerkbode* ondersoek. *Architectus* se argumente kom in so 'n mate ooreen met dié van J.M.J. Koorts, 'n argitek wat in 1974 'n boek oor die onderwerp die lig laat sien het, dat hy waarskynlik vir hierdie artikels verantwoordelik was.[4] Die sinodale verslag en Koorts se skrywes kom tot dieselfde slotsom: reghoekige vorm, horisontale liturgiese as, onmiddellike gerigtheid op die fokuspunt; volkome siglyne sonder visuele steurnisse na die kansel in die liturgiese sentrum vir almal teenwoordig; simboliese eerder as uitbeeldende kuns en goeie akoestiek. Die gesproke woord en siglyne bly die belangrikste vereistes.

> *In 'n Gereformeerde kerk sien 'n mens altyd eers die preekstoel met die oopgeslane Bybel daarop. Daarom dat hulle vir kerkbou 'n vereiste gestel het dat die gemeente so moet sit dat die mense die prediker maklik kan sien en hoor. Die kansel het dan ook geen ander berekening nie, dat dit 'n verhoog is terwille van die verstaanbaarheid van die prediking.*[5]

---

2 Ook die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk het kommissies vir die beplanning van kerke aangestel. D.P. Kesting, *Afrikaans-Protestantse kerkbou* (D.Phil.-proefskrif, UPE, 1978), p. 15.

3 H.D.A. du Toit, (red.), *Sinvolle kerkbou* (Pretoria, 1966).

4 *Architectus,* 'n Gewyde argitektuur, *Die Kerkbode*. Reeks artikels, 31 Augustus tot 5 Oktober 1960; J.M.J. Koorts, *Beginsels van Gereformeerde kerkbou* (Bloemfontein, 1974).

5 H.D.A. du Toit (red.), *Sinvolle kerkbou*, p. 3.

> *Wat liturgiese beplanning betref, sien ons hier die deurwerking van die invloede van die Hervorming. Die liturgiese sentrum is nie van die skip afgeskei nie, maar oop en in dieselfde ruimte as lg. geleë. Dit is iets nuuts na die eeuelange skeiding tussen skip en koor van die Romaanse en Gotiese tydperk.*[6]

Argitekte, waarna die verslag verwys, moes reeds lank voor die jare sestig dieselfde probleme sonder vaste riglyne aanpak en argitektonies probeer oplos. Dit het tot verskeie interpretasies van die planvorm gelei, enersyds 'n soeke na die ideaal binne die historiese bekende en andersyds 'n wegbreking daarvan om 'n eie Gereformeerde kerkvorm daar te stel. Gerard Moerdijk (1890-1958) was die eerste om gepubliseerde oplossings aan die hand te doen, maar hy was nie die enigste wat die probleem aangepak het nie.[7] Die werk van drie van hulle word hieronder verder ontleed. Hulle was Wynand Louw (1883-1967), J. Anthonie Smith (1910-1997) en Johan de Ridder (1927-). Hulle betrokkenheid met kerkbou strek oor die halfeeu tussen 1910 en die sinodale besluite.

**'n Kort agtergrond**

Die eerste kerkgeboue in Suid-Afrika het plaaslik ontwikkel, en aan die begin sonder enige herkenbaar bindende argitektoniese konsep. Dit word duidelik uit die beskrywings van die eerste kerke in Kaapstad, Stellenbosch en Drakenstein wat Francois Valentijn (1666-1727) en Peter Kolbe (1675-1725) daarvan gee.[8]

Gedurende die negentiende eeu en tot vroeg in die twintigste eeu is Gereformeerde kerkbou deur die neo-Gotiek oorheers, hoewel meer klassisistiese geboue ook hier en daar opgerig is.[9] Die argitek van talle van hierdie kerke was Carl Otto Hager (1813-1898),[10] maar ander argitekte was ook betrokke by die ontwerp van "Hollandse" Gereformeerde kerke sonder dat hulle noodwendig lidmate van hierdie

---

6 J.M.J. Koorts, *Beginsels van Gereformeerde kerkbou*, p. 44.

7 G. Moerdijk, *Kerkgeboue vir Suid-Afrika* (Johannesburg, 1919), s.p.

8 F. Valentijn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behorende* (Kaapstad, 1971 [1726]), vol. I, pp. 87-95; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beshryving van de Kaap de Goede Hoop* (Amsterdam, 1727), p. 119.

9 Somerset-Wes (1819), George (1842), Uitenhage (1843), Cradock (1867) en Sutherland (1899).

10 Kyk NG-kerke in Montagu and Clanwilliam (1862), Malmesbury (1860-1864), Prince Albert (1865), Ladismith (1874), Oudtshoorn (1880), Beaufort-Wes (1894), Calvinia (1900). Hulle dui almal in meerdere of mindere mate op 'n luierende Neo-Gotiese invloed. Ook in die ontwerp van die tweede kerk op Kerkplein, Pretoria (1882) het die Neo-Gotiese oorheers. Dit is opgerig voordat Hollandse argitekte deur die ZAR-regering na Pretoria gelok is.

kerke was.[11] Die Latynse kruisvorm was algemeen, maar die Griekse kruisvorm het ook ’n verskyning gemaak.[12]

Aan die begin van die twintigste eeu, met die oplewing van ’n eiesoortige bewussyn na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en pogings tot kerkvereniging voor en na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika (1910), is ywerig na ’n “eie” Suid-Afrikaanse of Afrikaanse kerkboustyl gesoek. Die soektog is deur Wynand Louw en Gerard Moerdijk gelei en gerig. Dit het gepaard gegaan met die snelle verstedeliking wat tot in die jare veertig voortgeduur het. Baie nuwe gemeentes is veral in stede gestig op ’n tydstip dat die tydgenootlike funksionalistiese strewe in argitektuur op die voorgrond was. Die eerste argitekte wat ook lidmate van die kerke was, het op die toneel verskyn en besin oor die aard en vorm wat “hulle” kerke in die Suid-Afrikaanse dorp of stad moes aanneem.

In ’n voorwoord tot Moerdijk se boek, *Kerkgeboue vir Suid-Afrika*, skryf dr. J.D. Kestell (1854-1941), toe redakteur van die *Kerkbode* en kampvegter vir die gebruik van Afrikaans in die kerk, dat Moerdijk se ontwerpe prakties aangewend was vir die besondere behoeftes van die gereformeerde erediens “soas ons dit by ons eie volk en ons eie land aantref.”

Wanneer Moerdijk van Afrikaanse argitektuur praat, is dit onduidelik of hy na die Afrika-omgewing of die Afrikaanssprekende verwys, maar in sy betoog hieroor wat in 1935 publiseer is, is laasgenoemde voorop gestel. Hy beskou die Engelse oorname in 1806 en die Anglo-Boereoorlog as breuke in die vormingsverloop van ’n ontwikkelende “Afrikaanse boustyl”.[13]

> *Feitlik al die geboue – woonhuise, skole, openbare geboue, ens. – wat gedurende die eerste 30 jaar na 1902* [dus tot sy skrywe] *opgetrek is, is namaaksels van uitheemse geboue, sonder verwantskap aan of skakel met die tradisie, geskiedenis of lewenswyse van die Suid-Afrikaanse volk. Nou eers begin die Afrikaner weer na te dink oor tradisie op kunsgebied. Oral word kuns- en kultuur-verenigings gestig en ons word attent gemaak op die verskil tussen die uitheemse en die inheemse.*

Die Gotiese boustyl word pertinent verwerp – op grond van plaaslike klimaats- en lewensomstandighede, omdat dit om die Rooms-Katolieke liturgie ontwerp is, maar ook omdat dit ’n polities-godsdienstige vrag sou gedra het:

---

11 Onder andere Charles Freeman (Durbanville 1891, Graaff-Reinet 1896, Beaufort-Wes 1899 [met Bisse]), Kallenbach & Reynolds (Laingsburg 1904); J. Clunis (Volmoed 1910).

12 Ou NG-kerk, Tulbagh (1743), George (1842), Prince Albert (1865), Piketberg (1882).

13 G. Moerdijk, *Die geskiedenis van boukuns* (Pretoria, 1935), pp. 94-99.

> *Die ontwikkeling van die Gotiese boustyl is geskiedkundig vereenselwig met die groei en uitbreiding van die Roomse kerk in Wes-Europa en gevolglik ook met die vervolging van Protestante, waaruit gedeeltelik voortgevloei het immigrasie na Suid-Afrika. Dit sou dus 'n anachronisme gewees het om Protestantse kerkgeboue in Suid-Afrika volgens die Gotiese styl te ontwerp.*[14]

Gotiese detail word ook uit die uiterlike voorkoms van kerke geredeneer en die klassieke en Renaissance as navolgbare voorbeelde voorgehou. Teen hierdie tyd het hy reeds kerke, in Piet Retief (1922) en Bloemfontein en Pretoria (1928) volgens hierdie beginsels ontwerp en sou tot in die jare vyftig daarmee aangaan. Moerdijk verduidelik verder die aanpassing van die Latynse na die Griekse kruis, met banke in teateruitleg as die ideale vorm waar die preekstoel as fokus dien en akoestiese probleme feitlik uitgeskakel kan word – 'n vormverwerking waarmee Wynand Louw hom reeds besig gehou het.

H.D.A. du Toit en Koorts kom tot die besluit dat die sentraalbou nie die aangewese vorm is nie. Hoewel beide Louw en Moerdijk hulle besig gehou het met dieselfde probleme as Koorts en Du Toit, het hulle die antwoord tog in die sentraalbou gekry en verskeie vormvariasies daarvan ondersoek. Deur hulle was hierdie planvorm die mees algemene tot die verskyning van die oorhoeksgerigte ruimte soos deur J. Anthonie Smith gestel en die sogenaamde kappie- of tentkerk wat veral deur Johan de Ridder uit Pretoria en later ook deur Smith uit Kaapstad ontwikkel en verfyn is.

## Drie argitekte

Hierdie drie argitekte – Wynand Louw, J. Anthonie Smith en Johan de Ridder – word uitgesonder omdat hulle drie duidelike benaderings in opvolgende tydperke verteenwoordig; hulle kerkbouvorms onafhanklik ontwikkel is en al drie hulle kerke as paslik vir die Afrikaanse Gereformeerde diens beskou het. Hulle kom ook uit huise waar die gedagte van 'n Afrikaner en sy kerk vooropgestel is en was selfbewus betrokke by die uitbouing van die Afrikaanse taal en kultuur.[15]

**Wynand Louw** is in 1883 in die Paarl gebore waar hy ook in 1967 oorlede is. Hier het hy 'n liefde vir die Kaaps-Hollandse boustyl ontwikkel wat aangewakker is deur die skilder Hugo Naudé (1886-1941), wat dikwels op sy pa se plaas, Laborie, gaan

---

14 G. Moerdijk, *Die geskiedenis van boukuns*, pp. 101-103.

15 Die belang van Gerard Moerdijk in die ontwikkeling van kerkbou word nie ontken nie, maar baie is al oor hom geskryf en in die artikel word gereeld na hom verwys. Kyk ook: S. le Roux, Church to Mosque: a short account of the recycling of the Pretoria West Dutch Reformed Church. *South African Journal of Art History* 2, 2007, pp. 98-114.

skilder het. Na skool het ’n belangstelling in die tekenkuns en houtwerk tot ’n vakleerlingskap by die argitek J.C.E. Seeliger (1863-1938) gelei. In 1905 het hy na Engeland gegaan waar hy die volgende jaar die intermediêre eksamen by die *Architectural Association* afgelê het. In 1907 het hy om gesondheidsredes na Suid-Afrika teruggekeer en het nooit die finale eksamen van die *Royal Institute of British Architects* voltooi nie.

Nadat hy by die Departement van Openbare Werke in die destydse Transvaal gewerk het, het hy deur bemiddeling van sy oom, ds. A.J. Louw, verskillende koshuise vir die Onderwysopleidingskollege in Heidelberg ontwerp voordat hy na die Paarl teruggekeer het, waar hy in 1907 reeds ’n kerksaal vir die gemeente van die Strooidakkerk gebou het.

Louw was ’n bedrywige argitek, maar het hom ook besig gehou met verskeie ander kwessies wat hom na aan die hart gelê het. Hy was trusteelid van die Pieter Neethlingfonds wat nou met die (Afrikaanse) vakbonde gemoeid was, het teen kommunistiese indringing in die werkersgroepe geveg en het ook ’n aktiewe en geldelike ondersteuner van die NG-Kerk se sendingaksie in Suider-Afrika geword. Hy was tot met sy dood direkteur van die Nasionale Pers. Verskeie jong argitekte het hulle eerste jare in sy praktyk deurgebring en hy het party van hulle en ook teologiestudente finansieel tydens hulle studiejare ondersteun.

Hoewel hy verskeie groot geboue in Kaapstad, Stellenbosch, Pretoria, Johannesburg en Bloemfontein opgerig het, het hy as ’n “kerkargitek” bekend geword.[16] Voor en na sy dood is hy ook dikwels die “eerste Afrikaanse argitek”[17] genoem. Hy was op sy eie of in vennootskappe met ander, onder andere Gerard Moerdijk, betrokke by die oprigting of uitbreiding van minstens 120 kerkgeboue in Suid-Afrika, Suidwes-Afrika (Namibië), Noord-Rhodesië (Zimbabwe), Njassaland (Malawi) en Kenia.

**J. Anthonie Smith** (1910-1997) is in Aberdeen in die Kaapprovinsie gebore. Hy was die seun van ’n vader met dieselfde naam wat as veertienjarige Kaapse rebel by die kommando van kommandant Wynand C. Malan (1872-1953) aangesluit het. Later het Smith die ouere sy ondervindings tydens die togte deur die Kaapkolonie

---

[16] Van sy belangrikste geboue was die Ou Mutual, Darlingstraat, Kaapstad (c 1939) met F.M. Glennie; verskeie geboue vir die Universiteit van Stellenbosch, asook ’n uitleg vir die kampus; kantoorgeboue vir SANLAM in Pretoria en Johannesburg, asook die hoofkantoor vir die KWV in die Paarl (1958).

[17] H. Meiring, Paarl se Wynand Louw – die eerste Afrikaanse argitek, *Bylae tot Die Burger*, 2001-08-25, p. 3.

gepubliseer.[18] Hy was krities teenoor die Britse koloniale beleid ingestel en het dit skerp aangeval in sy eerste boek, *Brit en Boer*.[19] Smith senior was 'n vurige Afrikaner en betrokke by verskeie eerste Afrikaanse nuusblaaie, onder meer in Aberdeen, Potchefstroom, Pietermaritzburg en Graaff-Reinet, waar hy hom ook vir Afrikaans as skooltaal beywer het.[20] Later was hy *Die Burger* se verteenwoordiger in Johannesburg. Smith was ook 'n gerekende kunsskilder,[21] maar het veral bekendheid verwerf toe hy by die Ossewa-Brandwag betrokke geraak het, tot assistent-kommandant-generaal gevorder en onder die bynaam Sambok talle artikels gepubliseer het.

J. Anthonie Smith, die argitek, en sy meer bekende broer, die kunstenaar Le Roux Smith Le Roux, het gevolglik oor die hele land getrek en gewoon totdat Smith in 1928 kunsredakteur van *Die Burger* geword het en sy oudste seun sy skoolloopbaan aan die Hoërskool Jan van Riebeeck kon voltooi. Hierna het hy hom aan die Universiteit van Kaapstad as argitek bekwaam met 'n verhandeling wat die ontwerp van teaters behels het. Die akoestiek, wat hy hierin ondersoek het, het hom sy lewe lank geboei en het goed te pas gekom by die kerke wat hy later ontwerp het.[22] Hy het sy praktyk in Kaapstad gestig, maar het kleiner takkantore in Port Elizabeth, Johannesburg, Queenstown en Uitenhage geopen. Soos Louw het hy gedurig tussen die kantore of projekte gereis. Hoewel hy minder kerke as Louw gebou het en hulle tot die Kaapprovinsie en Suidwes-Afrika, nou Namibië, beperk was, het hulle meer as sestig getel. Ander geboue wat deur hom opgerig is, was onder meer die lughawens in Kaapstad en Port Elizabeth (1969-1974), kantoorgeboue vir SANLAM in Bellville, hotelle en winkels in Montagu en die sinodale gebou in Windhoek.

Smith was besiel met die uitbouing van die Afrikaanse taal en kultuur en het na bewering moontlik die eerste volledige stel werkstekeninge, waarby ook spesifikasies

---

18 J.A. Smith, *Ek rebelleer* (Kaapstad, 1946 [1939]). Hierdie boek het in 1941 opslae veroorsaak toe dit in Port Elizabeth uit skoolbiblioteke verwyder is omdat dit aan 'n bepaalde deel van die gemeenskap aanstoot kon gee. W.D. Beukes (red.), *Boekewêreld. Die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990* (Kaapstad, 1992), pp. 88-89.

19 J.A. Smith, *Boer en Brit (Van Slagtersnek tot Jopie Fourie) uit die geskiedenis van die laaste honderd jaar 1814-1915* (Kaapstad, 1917).

20 C.F.J. Muller. *Sonop in die Suide; Geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948* (Kaapstad, 1990), p. 302. *De Nieuwe Tijd* (Aberdeen), *Het Westen* (Potchefstroom), *Ons Koerant* (Graaff-Reinet), *Die Afrikaner* (Pietermaritzburg). Stigtingslid van die Hoër Volkskool (Graaff-Reinet) en eerste Afrikaansmediumskool in Pietermaritzburg. Argief, Noordwes-Universiteit, *J.A. Smith-versameling* B/L 1/1, omslag 9.

21 E. Berman, *Art and artists of South Africa* (Cape Town, 1983), p. 429; G. Ogilvie, *The Dictionary of South African painters and sculptors* (Johannesburg, 1988), p. 619; A.C. Bouman, *Kuns in Suid-Afrika* (Kaapstad, 1938), pp. 87-92.

22 Die Stadskouburg vir Bellville (1957) wat deur Smith ontwerp is, is geprys vir sy goeie akoestiek. Telegram, NTO aan Smith, 1957-06-14, J.A. Smith-versameling, Posbus 1396, Bela-Bela, 0480.

en hoeveelheidslyste, vir die oprigting van 'n kerk in Afrikaans opgestel. Dit was vir die ontwerp van 'n nuwe kerk vir die NG-gemeente, Newtonpark, Port Elizabeth, in 1954.[23]

**Johan de Ridder** is in 1927 in Pretoria gebore waar hy sy hele lewe gewoon en gewerk het. Nadat hy matriek in 1943 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool voltooi het, was hy een van die eerste studente van die nuwe argitektuurskool van die Universiteit van Pretoria – onder die hoofskap van prof. A.L. Meiring, wat 'n neef van Wynand Louw was. Die besluit om 'n onafhanklike argitektuurskool aan die Universiteit te stig, is geneem terwyl Moerdijk die voorsitter van die Raad van die Universiteit was.[24]

Johan was die seun van Dries de Ridder, 'n staatsdiensamptenaar wat in 1958 as Sekretaris van Volkswelsyn afgetree het. Sy moeder was Cecile de Ridder, die suster van dr. Willem Punt (1900-1981), die krag agter die stigting van en jarelank direkteur van die Stigting Simon van der Stel. Sy het haar beywer vir die verbetering van die lewensomstandighede van hulpbehoewende bejaardes en kinders; later by die Volkspelebeweging betrokke geraak en was verantwoordelik vir die reuse uitvoerings van dié beweging by die ingebruikneming van die Voortrekkermonument in 1949, die Van Riebeeckfees in 1952 en die eeufees van Pretoria in 1955.

Na 'n kort tydperk in diens van die Departement van Publieke Werke in Pretoria het De Ridder in 1951 'n praktyk saam met Jacob (Jaap) Woudstra (1898-1953) gestig. Woudstra is kort hierna oorlede nadat hulle een kerk saam ontwerp en gebou het. De Ridder het die praktyk alleen voortgesit totdat hy in 1991 uitgetree en sy seun Tienie dit onder dieselfde naam oorgeneem het. Afgesien van groter projekte soos die Musiekkonservatorium en verskeie ander geboue vir die Universiteit in Potchefstroom (nou die Noordwes-universiteit, Potchefstroom kampus), die Landbank in Pretoria (1966) en die Louis Tregardt-gedenktuin in Lourenço Marques (tans Maputo, 1969) het hy nagenoeg 35 kerke ontwerp.

Toe hy met sy studies begin het, was die professie steeds as tradisioneel Engelssprekend beskou en die meeste van die lesings was ook in Engels. De Ridder het nogtans op sy eie begin om tekeninge in Afrikaans te annoteer en spesifikasies te vertaal.[25] Hy was 'n stigterslid van die Stigting Simon van der Stel waarby sy oom betrokke was en lid en voorsitter van die destydse Publikasieraad.

---

[23] *Die Oosterlig*, 1954-08-10; H.O. Terblanche, *Die Nederduits Gereformeerde Kerk in Port Elizabeth – 'n historiese oorsig van die eerste halfeeu (1907-1957)* (MA-verhandeling UPE, 1973), p. 221. Dit moes die eerste in Kaapland gewees het? Hierdie aspek word tans verder ondersoek.

[24] A. Steenkamp, The Pretoria School of Architecture as remembered by early graduates, 1943-1953, *Image & Text* (Pretoria 2003), p. 3.


[25] A. Steenkamp, The Pretoria School of Architecture as remembered by early graduates, p. 4.


**Wynand Louw en die enkelruim van die kruiskerk**

Agt jaar voordat Gerard Moerdijk sy *Kerkgeboue vir Suid-Afrika* gepubliseer het, is Wynand Louw se eerste kerkgebou vir die moedergemeente in Port Elizabeth ingewy.

Moerdijk illustreer twaalf voorbeelde vir kerke wat van 300 tot 2000 mense kan akkommodeer en slegs in drie gevalle speel die kruisvorm nie ’n rol in die konsep nie – die kleinste een (1) “wat later mooi kan gebruik word vir ’n kerksaal as die gemeente tot die bouw van ’n groter kerk oorgaan,” “...’n heeltemaal nuwe soort kerk (6). Dit bevat 1000 sitplaatse en het die volle amfiteater vorm” en is spesiaal ontwerp vir die akoestiek en ’n kerk met ruimte vir 2000 mense “in katedraal vorm” (12). Selfs in die vierkantontwerp (5) word die toegange en konsistorie gebruik om die kruis uitwendig te trek. Moerdijk sou tot in die jare vyftig getrou by die kruisvorm en die Bisantynse binneruim bly, ten spyte van die gebrek aan gerigtheid op die verlangde enkele fokuspunt daarvan.[26] Hy oorkom hierdie teenstrydigheid deur die sitbanke in teateruitleg te rangskik om die preekstoel, wat teen een van die agt sye van die binneruim staan.

Volgens die plan is die moederkerk in Port Elizabeth in die vorm van ’n onvoltooide Griekse kruis. Dit was die gevolg van ’n tekort aan fondse – die rede waarom ook geen toring gebou is nie. Die ingang, tussen twee van die kruisbene, is




**Figuur 1 & 2: Plan en snit van die moederkerk, Port Elizabeth, 1909**
(NG-moederkerk, Port Elizabeth)


---

26 G. Moerdijk, *Kerkgeboue vir Suid-Afrika*, s.p. Die kerk in Reddersburg (1927) is waarskynlik op sy voorbeeld (6), gebaseer. Met die ontwerp van die NG-kerk in Pretoria-Wes (1941), (nou ’n moskee) en Noordhoekkerk in Bloemfontein (1950), een van sy laaste kerke, behou hy steeds die suiwer simmetriese “Bisantynse” vorm.

na die straathoek gerig en die banke is sirkelvormig om die liturgiese area in die binnevierkant geplaas. In twee van die kruisbene volg die rangskikking die reghoekige vorm daarvan **(Figuur 1 & 2).** Die konsistorie was in die derde kruisbeen met die orrel daarbo.[27] In 1951 is die kerk deur Louw uitgebrei soos dit vandag daar uitsien: ’n toring is opgerig en die vierde kruisbeen is voltooi. Die orrel en koorgalery is na hierdie been verskuif, die konsistorie is daaronder ingerig en die sirkelvormige bankuitleg is in die derde kruisbeen voortgesit. Die ideale rangskikking waar alle sitplekke na die preekstoel rig, is gevolglik nie op grond- of galeryvloer bereik nie. Hoekbere, effe gepunte vensters en kanteelwerk hunker nog na die Gotiese beeld.

Hoewel Wynand Louw nougeset dagboek van daaglikse bedrywighede gehou het, kon geen skriftelike uiteensetting van sy idees oor kerkbou opgespoor word nie. Dat hy wou wegbeweeg van die probleme wat die kruiskerk vir die verlangde binneruimte ingehou het, word duidelik uit die ontwerpe wat hy hierna ondersoek het.[28]

In die twintigerjare het Louw die konseptuele kruisplan links gelaat en met ’n onsuiwer oktogoon – korter en langer sye – eksperimenteer. In twee kleiner kerke, dié van Stanford en Hermanus, wat albei in 1926 gebou is en elk sitplek aan omtrent 700 mense gebied het, is hierdie vorm deurgevoer. Dit was nie ’n gelukkige besluit nie **(Figuur 3 & 4).**







**Figuur 3: Plan en interieur onder die galery van die NG-kerk, Hermanus, 1926**
(Foto: NG-kerk, Hermanus)
**Figuur 4: NG-kerk, Stanford, 1926**
(Foto: Schalk le Roux, 2008)

---

27 Omdat dit hier slegs oor vorm gaan, word geen skaal by tekeninge aangedui nie.

28 Die dagboeke is in besit van sy kleinseun, Wynand Louw, Posbus 434, Paarl 7620. Op sy reis na Amerika in 1913 het hy glo baie sketse van Amerikaanse Protestantse kerke gemaak, maar dié sketse bestaan moontlik nie meer nie.

Die probleme met die ongemaklike planvorm is van buite reeds duidelik. Die geboue is ongedefinieer met slegs ’n gewel in Hermanus en ’n gewel en toring in Stanford wat trag om ’n gesig of definisie aan die bouvorm te gee. Die onreëlmatige agthoek is met ’n skuinslopende dak bedek waarvan die rand die buitemuur volg. Dit het ’n platterige, versteekte dak in die middel van die gebou vereis om die oordekking te voltooi – met die amper noodwendige lekkasieprobleme wat dit tot gevolg gehad het.[29] Die loopgange is buite die sentrale ruimte onder afdakke gedruk wat van die hoofmure afdaal. Daar is vir groot galerye plek gemaak wat binne klein en somber ruimtes tot gevolg gehad het, en in Hermanus het die galerykolomme die sig na die preekstoel van verskeie sitplekke belemmer. Dié probleem is in Stanford oorkom deur die galery vry van die mure af oor die gangkolomme te dra, maar wat steeds ’n beknopte ruimte gelaat het.

Gerard Moerdijk het in sy, byna herhalende, ontwerpe die sentrale ruimte skoon gehou, die galery reg rondom geneem, soos Louw gemaak het, maar die sitplekke op galerye tot die bene van die kruis beperk. Die sentrale ruimte is as ’n geheel, onafhanklik van die ruimtes in die bene artikuleer**.**


Toe die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1941 ’n erepenning aan Wynand Louw toegeken het, is daarna verwys dat hy die man was wat die “ouderwetse en onpraktiese kruisvormige kerke in Gotiese styl vervang het deur die nou bekende styl, wat veel meer pas by die aard en soberheid van die Protestantse Calvinisme.” Volgens prof. A.L. Meiring het Louw meteens die inherente foute van die kruiskerkvorm [vir Protestantse kerkbou] ingesien. [30]


Louw het, na die eksperimente in Stanford en Hermanus, in werklikheid na die kruis teruggekeer. Die verandering was eenvoudig. Die binnemure van die kruis is oorhoeks verbind om ’n vierkant binne die kerkruim te skep. Hierbinne kon die banke in waaiervorm gerangskik word, sodat almal na die preekstoel kon front. Die beginsel van hierdie plan was nie nuut nie. Dit is reeds in 1620 deur die Nederlandse argitek, Hendrick de Keyser (1565-1621), as basis vir die plan van die Noorderkerk in Amsterdam gebruik. De Keyser beklemtoon steeds die kruis deur kolomme binne die agthoekige ruimte en rangskik sitplekke na aanleiding van die vorm. Louw sou die nadruk op die aansluitings van die kruisbene uitskakel **(Figure 5, 6 & 7).**

[29] W.A. Alheit, *N.G. Gemeente Hermanus 1934-1984* (Hermanus, 1984), p. 14.

[30] H.D.A. du Toit, Wynand Louw – hy is dikwels vir genl. Smuts aangesien (*Die Huisgenoot*, 1953-01-02), p. 23.










**Figuur 5: Gerard Moerdijk, NG-Kerk, Delmas, plan**
(Uit: B. van Niekerk, Die boukuns van die Afrikaner, *in* C.M. van den Heever & P. de V. Pienaar, *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner* (Kaapstad, 1950), p. 473)
**Figuur 6: Verduideliking deur A.L. Meiring van die verandering van die Griekse kruis deur Wynand Louw**
(*Die Huisgenoot*, 1953-01-02, p. 22)
**Figuur 7: Plan, Noorderkerk (1620-1623) Amsterdam**
(Uit: B. van Niekerk, *Die boukuns* (Bloemfontein, 1941), p. 439)









**Figuur 8 & 9: Interieur na preekstoel en straataansig, NG-kerk Napier, 1928.**
**Figuur 10: NG-kerk, Strand (1930). Die kruisvorm bly duidelik sigbaar van buite, soos in die geval in Napier.**
**Figuur 11: Binneruim van die kerk met die orrel en hoofingang teenoor die preekstoel en die banke wat die liturgiese ruimte omsirkel.**
(Foto's: Schalk le Roux, 2008)

Met die ontwerp van die NG-kerke in Napier (1928) en die Strand (1930) aanvaar Louw die kruisvorm, sny die binnehoeke van die kruis weg om ’n reëlmatiger agthoek te vorm, hoewel die sye afwisselend kort en lank bly. In Napier is hierdie wegsnydings kort en versigtig, in die Strand seker en duidelik. Anders as wat Meiring op sy skets voorgee, is die preekstoel in beide gevalle teen ’n kort muur geplaas en die banke sirkelvormig daarom gerangskik; in albei gevalle loop die galerye rondom die wydte van die kerke, behalwe die kanselmuur wat in volle hoogte tot teen die plafon strek. Dit het tot gevolg dat die laaste sitplekke op die galerye in werklikheid agter die leraar is. Die sentrale ruimtes en hoë plafonne oorheers sodat die kruisplan, uitgesonderd op die galerye, feitlik onleesbaar is **(Figuur 8, 9, 10 & 11)**

Van buite is die kruisvorm duidelik, maar binne is ’n enkel sentrale ruimte gemaak – die sentraliteit waarteen Du Toit (teen 1966) en ook Koorts gekant is. Die probleem is dat:[31]

> *Die natuurlike posisie van die liturgiese ruimte in so ’n bouvorm sou die geometriese middelpunt moes wees, aangesien alles na die middelpunt heenwys. In die Neo-Bisantynse kerke is dus ’n onnatuurlike uitleg gemaak: die kansel word na ’n sywand verskuif, en die oorblywende ruimte so goed as wat omstandighede dit toelaat, met banke opgevul. Die resultaat is ’n verwarring van rigting, aangesien die opsygeskowe liturgiese sentrum stry teen die geometriese sentrum.*

Koorts is reg in dié sin dat die fokus verwarrend is met die betreding van een van hierdie kerke wat deur Louw ontwikkel is. Die vertikale as is oorweldigend, en as die ruimte nie van die hoofingang af genader word nie, is die preekstoel as enkel fokuspunt buite sig, maar wanneer sitplekke ingeneem is, verander die fokus sodat almal se oë op die prediker gerig is.

Ruimtelik is hierdie kerke uitsonderlik as gevolg van die grootsheid van hulle binneruimtes en veral geslaag vir geboue wat 1000 of meer sitplekke gebied het. Hoewel daar relatief min vensters vir die grootte van die ruimte is, word lig van die hoë plafon gekaats sodat ’n helder en klaar ruimte die gevolg is.

Hierna sou die gesentraliseerde kruisplan met afgeknotte binnehoeke die gekose vorm vir Louw bly en teen 1940, met die oprigting van die kerk op Somerset-Wes, is hy in volle beheer van die vorm en sy probleme. Uitgesluit die plafon, die alomteenwoordige roosvensters en die liturgiese elemente, is die binneruimtes sonder enige dekorasie en alle aandag is op die preekstoel in ’n hoë ruimte gevestig. Die

---

[31] J.M.J. Koorts, *Beginsels van Gereformeerde kerkbou*, pp. 54 & 58.

geleding van sy kerke raak nogtans herhalend en die grootse ruimtes wat in Napier en Strand bereik is, is nie weer behaal nie.

"Kaaps-Hollandse" gewels oorheers en in die Strand word die aard van die binneruim onbeskroomd na die buitebeeld deurgevoer. Hier is die tradisionele toring deur 'n sentrale spitselement vervang, soos dit in die geval van die Noorderkerk in Amsterdam was.

## J. Anthonie Smith en die rasionele vierkant

Toe J. Anthonie Smith sy eerste kerk in 1939 vir die moedergemeente in Bellville ontwerp het, was hy waarskynlik vertroud met *Kerkgeboue vir Suid-Afrika* en bekend met die kerke van Wynand Louw en dit is verleidelik om een van Moerdijk se voorstelle as inspirasie vir die planvorm daarvan te sien. Die binneruim (kerk 11) is reghoekig met die preekstoel in een hoek van die ruimte. Banke in teateruitleg impliseer 'n vierkant binne die hoofruim, terwyl ekstra banke nog trag om die kruis te behou. Die oneweredige kruisplan word voltooi deur die sitplek op die galery bo die kerksaal aan die een kant[32] **(Figuur 13).**

Hoe dit ook mag sy, die kerk in Bellville doen meteens weg met die kruis en gesentraliseerde plan. In die plek daarvan verskyn 'n duidelike vierkant met die preekstoel in een hoek en die hoofingang en toring in die teenoorstaande hoek ingesny. 'n Muur buig om die agterste ry banke en skei die hoofruim van die portaal. Anthonie Smith studie vir die finale jaar aan die Universiteit van Kaapstad kon nie opgespoor word nie, maar die "teateruitleg" van sy eerste kerk is onmiskenbaar **(Figuur 12 & 15).**

Vierkantige planvorms vir Protestantse kerke was nie nuut nie. In die Oosterkerk, Amsterdam (1669-1771) van Daniël Stalpaert (1615-1676) is die buitehoeke van die Griekse kruis deur laer ruimtes na 'n vierkant voltooi. Kesting noem dit 'n tipiese [Nederlandse] vierkantvorm.[33] In 1781 is die agtkantige Groote Kerk in Kaapstad eweneens vergroot deur die verandering van 'n kruis- na 'n vierkantplan.[34] In 1908 het die Amerikaanse argitek, Frank Lloyd Wright (1867-1959) die invloedryke Unity Temple vir die Unitarian Church in Oak Park, Illinois voltooi. Hy het ortodokse modelle vir kerkgeboue verwerp en die vierkantige ouditorium voorgestel, waar die gemeente om die preekstoel kon vergader– tog bly die Griekse kruis implisiet deur die rangskikking van die sitplekke en die plasing van hol dienskolomme[35] **(Figuur 14).** Sy

---


32 G. Moerdijk, *Kerkgeboue vir Suid-Afrika*, s.p.


33 D.P. Kesting, *Afrikaans-Protestantse kerkbou,* p. 171.


34 J.A.S. Oberholster, Die Groot Kerk 100 jaar oud (Kaapstad 1941), pp. 15, 34.

35 R. Weston, *Plans, sections and elevations Key buildings of the twentieth century* (London 2004), pp. 30-31.

werk het die Nederlandse argitek, H.P. Berlage (1856-1934) beïnvloed en dit kom sterk na vore in die enigste kerk wat Berlage in 1926 voltooi het. In die Christian Science-kerk in Den Haag, deel van 'n groot en ingewikkelde kompleks geboue, word die preekstoel nietemin na die een hoek van 'n vierkant geskuif en die banke in waaiervorm daarom gerangskik.[36]








**Figuur 12: Sketsplan, moederkerk Bellville, 1939**
(J.A. Smith-versameling, Posbus 1396, Bela-Bela, 0480)
**Figuur 13: Plan, Kerk 11** (Uit: G. Moerdijk, *Kerkgeboue vir Suid-Afrika*, s.p.)
**Figuur 14: Gedeeltelike plan, Unity Temple** (R. Weston, *Plans, sections and elevations. Key buildings of the twentieth century* (London, 2004), p. 31)

Omdat Smith ook weinig verduidelings vir die konsepte van sy kerkgeboue nagelaat het, moet noodwendig oor moontlike invloede van buite op sy werk gespekuleer word. Hy het wel deeglik besin oor kerkontwerp en 'n ander Nederlandse argitek, W.M. Dudok (1884-1874), het 'n groot rol gespeel in sy gebruik van materiale, veral bakstene.[37] Dit is gevolglik nie vergesog dat hy die kerk van Berlage geken en daardeur beïnvloed is nie.

Hy het sterk menings oor die aard en voorkoms van die kerkruim gehad. In 'n onderhoud oor die ontwerp van die kerk in Newtonpark met *Die Oosterlig* (4 Mei 1948) stel hy dat die gesproke woord die kernsaak in 'n Protestantse kerk is. Die gebou moet gevolglik aan hierdie funksionele vereiste voldoen. Ritueel en mistieke atmosfeer van die Gotiese of Rooms-Katolieke kerk moet uitgeskakel word ten gunste van eenvoud en die afwesigheid van enige onnodige dekoratiewe versierings. Alle

---


[36] S. Polano, *Hendrik Petrus Berlage: Complete works* (New York 1988), p. 29.

[37] J.A. Smith, Persoonlike mededeling, 1972. Die outeur was drie jaar lank in die kantoor van J. Anthonie Smith werksaam.

gemeentelede moet na die preekstoel gerig wees en die waaiervorm van die kerk voldoen doeltreffend aan hierdie vereistes. Dit vergemaklik ook die ontwerp van die akoestiek, wat Smith perfek wou hê.[38] Die vierkantige planvorm van die kerk in Bellville sorg dat al hierdie vereistes nagekom word. Na die buitekant bly die ouer beeld steek en die dak eindig weerskante van die toring in twee gewels.

Gemeentes en kerkrade was nie oral te vinde vir geboue wat skerp van die tradisionele afgewyk het nie – moontlik ook die rede vir die "gotiese" ingange van die kerk in Bellville – en die boustyl het hulle "ietwat vreemd" voorgekom.[39] Smith sou eers in 1947 met die ontwerp van die kerk in Port Elizabeth-Noord die konsep van die vierkant volkome kon deurvoer, toe dié vorm ook na die buitekant getrek is. Hier het ook die dak agter borsweringmure verdwyn om 'n kubus te stel. As kerk was dit slegs deur die stewige toring in kontrasterende baksteen herkenbaar **(Figuur 16).**






**Figuur 15: NG-kerk, Bellville, 1939.**
(Foto: Schalk le Roux, 2008)
**Figuur 16: NG-kerk, Port Elizabeth-Wes.**
(Foto: Schalk le Roux, 2008)
**Figuur 17: Plan NG-kerk, Newtonpark, 1954; deel van moontlik die eerste volledige Afrikaanse dokumentasie vir 'n kerk.**
(Foto: NG-Kerk, Newtonpark, Port Elizabeth)


38 Skriftelike mededeling: J.A. Smith (seun van die argitek), Posbus 1396, Bela-Bela, 0480, 2007-06-14.

39 D.M.C. Smit, 'n Besoek aan die Baai, *Die Kerkbode*, 1948-12-08, p. 1357. Tog het die gebou later "algemene bewondering afgedwing". P.L. Olivier, *Ons gemeentelike feesalbum* (Kaapstad 1952), p. 205.









**Figuur 18: NG-kerk, Ladismith, 1942**
(Foto: J.A. Smith-versameling)
**Figuur 19: NG-kerk, Port Elizabeth-Wes, 1946**
(Foto: J.A. Smith-versameling)
**Figuur 20: Interieur, NG-kerk, Port Elizabeth-Wes**
(Foto: Schalk le Roux, 2008)
**Figuur 21: Plan, NG-kerk Wolseley, 1942**
(Plan: NG-kerk, Wolseley 2008)

Hierdie kerk kon moontlik Smith se tweede ontwerp gewees het en is vermoedelik reeds in 1941, net na die een in Bellville, voltooi. Bouplanne is deur uitgawes verhoed, met die gevolg dat daar eers ses jaar later met die oprigting begin is.[40] Na hierdie plan sou Smith dikwels terugkeer,[41] maar in twee kerke wat op die Weskerk gevolg het, in Ladismith (1942) en Port Elizabeth-Wes (1946) is die vierkant met die eerste opslag links gelaat. Dit is ’n onverskillige lesing van hierdie geboue, want in werklikheid is die beginsels, wat in die vierkantige plan opgesluit was, slegs tot hulle logiese gevolgtrekking geneem en word die werklik ideale vorm, soos deur Smith beskou, hierdeur ook argitektonies beklemtoon **(Figuur 18 & 19).**

Die ware wig- of waaiervormige bederuim binne die omsluitende vierkant word na buite geaksentueer, terwyl die toring, hoofingang en portaal daarteen aangebou is. Dit het ’n veel komplekser vorm na die buitekant vertoon, maar aan die binnekant is die ruimte gesuiwer van die ongemaklike skakeling tussen die vierkantige kerkvorm en stralende bankuitleg. Materiale is tot die minimum beperk: baksteen en ligte betonprojeksies oor deure en voor vensters aan die buitekant, pleister en hout aan die binnekant. Die oorspronklike vierkant, met die preekstoel in die hoek, het behoue gebly, soos gesien kan word in ’n soortgelyke, hoewel kleiner en eenvoudiger, plan vir die NG- kerk op Wolseley, wat ook in 1942 gebou is, maar deur ’n nuwe kerk van Smith vervang is, nadat dit tydens ’n aardbewing in 1969 onherstelbaar beskadig is **(Figuur 21).**

Aan die begin van die jare sestig het Smith met ’n langwerpiger plan begin eksperimenteer wat op dwarssnit die ou bekende Christelike basilika met bobeukvensters was. Hy sou hierdie vorm tot aan die einde van sy beroepsloopbaan bly ondersoek, hoewel hy af en toe na die vierkant teruggekeer het. Geen verduideliking vir hierdie verskuiwing van benadering kon opgespoor word nie. Dit kan wees dat die sinodale voorstelle as impetus tot ’n nuwe konseptuele siening gelei het, of dat hy het deur die werk van verskeie Transvaalse argitekte soos Johan de Ridder, Hartman en Van der Walt of Neethling en Bosman beïnvloed kon gewees het, maar hiervoor bestaan geen bewyse nie. Die hersiening maak ’n verskyning in die kerk vir Bellville-Noord, waar driehoekige, tentagtige ingangsdakke soos ’n afsonderlike gebou teen die bekende vierkantige kerk aangebou is.

Hierdie kerke het skraler waaiervorms en die hoofskepe is in geheel deur tentdakke, wat dikwels tot op die grond loop, bedek. Hierdeur druk die sybeuke sonder om die tentagtige beeld te benadeel.

---

40 Anoniem, *Kwarteeugedenkboek van die N.G. Kerk Port Elizabeth-Noord* (Port Elizabeth 1959), pp. 29-30.

41 Onder meer in Newtonpark (1955) en Parowvallei-Oos (1960).



**Figuur 22: Snit, binneruim en plan, NG-kerk, Strand-Noord. Die kruis is duidelik waarneembaar in die nok van die plafon.**
(Munisipaliteit Helderberg).

In die kerk wat Smith in 1962 vir die gemeente Strand-Noord ontwerp het, is al die idees saamgevat: Die enkelvoudige fokuspunt, nou in die hoek van ’n pylpunt eerder as ’n vierkant, die uitswaaiende sybeuke en die enkelruim is binne ’n kruisplan onder ’n tentdak saamgebring wat van die grond af in ’n piramide eindig. Hoewel hierdie skynbaar onversoenbare idees aan die buitekant ongemaklike aansluitings tot gevolg het, skep Smith ’n binneruim wat aan al die ideale deur hom gestel, voldoen en ding dit suksesvol met die grootse ruimte van die nabygeleë moederkerk mee.

**Johan de Ridder en die simboliese tent**


Johan de Ridder het sy eerste kerk in 1952, in samewerking met Jaap Woudstra, voltooi. Dit was vir die Gereformeerde gemeente van Brooklyn, Pretoria. Die hoë dak, wat tot net bo kophoogte afgebring is, en die vier gelyksydige driehoekgewels oorheers die beeld van buite. Die planvorm is reghoekig met al die sitplekke wat in een rigting na die preekstoel front. Tog is die bekende kruisplan wat by die bekende tradisie aangesluit het, duidelik en die fokus na die preekstoel vir party sitplekke minder suksesvol **(Figuur 23).**

De Ridder was jonk en begeesterd met die “moderne”. Na die dood van Woudstra in 1953 het hy die praktyk op sy eie voortgesit en tot met sy aftrede ongeveer 35 kerke ontwerp. Hy skryf:

*Op die gebied van die argitektuur van die Afrikaanse kerke, is die toneel oorheers deur die kenmerkende styl van Gerhard Moerdyk en Hendrik Vermooten met enkele uitsonderings soos byvoorbeeld die verfrissende moderne werk van Verhoef Smit en Viljoen wat vir my tot inspirasie gedien het.*

*Die ontwerpe weërspieel 'n soeke na 'n nuwe vorm en estetiese uitdrukking van dit wat ek as wesenlik van 'n kerkgebou gesien het. 'n Strewe na vereenvoudiging in vorm, lyn en vlakke en 'n vormgewing wat herlei is van die wesenlike in die Gereformeerde erediens maar binne die beperkings wat gewoonlik deur die beskikbare fondse gestel is.* [42]

Hierdie drie beginsels – tydgenootlike argitektuur, vormgewing na aanleiding van die betekenis van die Gereformeerde erediens en bekostigbaarheid, sou in al sy kerkontwerpe die sentrale tema bly.




**Figuur 23: Plan, binneruim en aansig, Gereformeerde kerk, Brooklyn, Pretoria, 1952**
(Foto: Johan de Ridder Argitekte)

In 'n lesing wat De Ridder vir argitektuurstudente by die Universiteit van Pretoria in 1955 gegee het, kort na die voltooiing van sy bekendste kerk, dié vir die Gereformeerde gemeente in Parys, OVS, brei hy hierop uit.[43] Die funksie van die gebou word deur die erediens bepaal, dit is die boumeester.[44] Die gebou behoort uit 'n plan te groei terwyl die organisering van die plan weer deur die doel van die gebou bepaal word.

Die gebou word uiteindelik 'n uitdrukking, 'n vertolking in konkrete materiale, van wat daarin gebeur en waarvoor dit staan. Dan word 'n organiese geheel geskep,

---

[42] J. de Ridder, Skriftelike deel van uitstalling: *Alumni van die Universiteit van Pretoria* (Pretoria Kunsmuseum, 7-25 Junie 1993).

[43] J. de Ridder. *Lesing gehou voor die Boukundige Studentevereniging van die Universiteit van Pretoria, September 1955,* De Ridder-versameling, Posbus 36203, Menlopark, 0102.

[44] Dié gedagte leen hy van die Duitse kunshistorikus en hoof van die Technischen Hochschule Dresden, Cornelis Gurlitt (1850-1938).


’n geheel waarin elke onderdeel ’n uitvloeisel, ’n resultaat is van die een regulerende faktor, die funksie.

Die plan was die genereerder van die vorm. Dié rangskikking moet van so ’n aard wees dat die kansel vir almal sigbaar is en dat mense so na as moontlik daaraan moet wees, maar terselfdertyd beteken dit dat die kansel simbolies van die betekenis van die erediens is.

Die planvorm wat vir De Ridder hierdie vereistes die beste hanteer, is die halfgeopende waaiervorm wat hy in 1955 vir die ontwerp van die kerk in Parys gebruik het. Soos deur die teorie en boukoste bepaal, is die grootte van die ingangsportaal en konsistorie tot die funksionele minimum beperk om ’n betreklik klein gebou sonder enige vermorsing van plek of materiale tot gevolg te hê. Die orrelpype word bo die portaalplafon geplaas. Die liturgiese sentrum voor in die kerk is in vergelyking besonder ruim deurdat die kerkraadsbanke deel daarvan uitmaak.

Oor hierdie ekonomiese en funksionele plan span die argitek ’n tentdak wat tot op die grond strek en laag langs die sye weggesny is. Al ander lig word van ’n deurlopende venster tussen dak en gewelmuur verskaf. Die toring word heeltemal los van die kerk geskuif. Aan die binnekant is die ruimte gestroop van detail en dekorasie met slegs die dakkappe wat die enkelvoudige ruimte ritmies artikuleer **(Figuur 24).**

Die kerk in Parys het aandag getrek en is wyd in die dagpers, argitektuur- en kerktydskrifte gepubliseer. Twee Sondagkoerante, *Dagbreek* en die *Sunday Times*, beskou dit as ’n “unieke ‘modernistiese gebou’ wat ’n breuk met die tradisie maak.[45]



**Figuur 24: Binneruim, plan en buiteaansig, Gereformeerde kerk, Parys, 1955**
(Foto: Johan de Ridder Argitekte)

[45] Unieke modernistiese gebou word boerekerk, *Dagbreek*, 1956-04-29; Church designs in S.A. a break with tradition, *Sunday Times*, 1956-09-09. Kyk ook: Anoniem, Three South African Churches, *Architect and Builder*, June 1956, pp. 36-41.

Hoewel De Ridder die plan as die vormgewer van 'n kerk beskou, is daar vir hom ook groot simbolisme in die kerkgebou opgesluit. In 'n onderhoud met 'n Amerikaanse tydskrif verklaar hy ten opsigte van die voorkoms van die Paryse kerk:

> *... the steeply inclined roof and ridge line rising up and away from the pulpit symbolises the Word of God emanating from the pulpit, spreading over the congregation and, through the transparent glass, out to the world beyond.* [46]

Terwyl hy argumenteer dat die volle dakruimte, soos in die Parys-kerk, funksioneel tot voordeel van die binneruim benut moet word, is die voortspruitende voorkoms van 'n waaier met 'n klimmende daklyn soos "hande in gebed" of die "beskermende hande van God... soos 'n voël haar vleuels oor haar kleintjies uitsprei."[47] In die ontwerp van die Gereformeerde kerk in Pretoria-Suid (1958) is gepoog om die kerk en konsistorie onder een dak te verenig.

> *Soos in baie ander ontwerpe is simboliek, gegrond op Bybelse waarheid, in hierdie ontwerp verweef. Dit is die simboliek van die tent as simbool van 'n kerk op trek deur die woestyn van hierdie verganklike bedeling op pad na die ewigheid...* [48]

Die kerk word gevolglik visuele simbool van tydelikheid met die tent, as nie-permanente blyplek, 'n direkte argitektoniese vertaling van die begrip. Die konsep word tot sy uiterste gevoer. Daar is geen dramure nie en vensters word van die dakstruktuur gehang. Die dak word oor die reghoekige bederuimte gespan en die geboë wegsnydings van die dakrante versterk die tentgedagte. Die toring is weer los van die kerk geplaas **(Figuur 25).** De Ridder was oortuig dat daar met sukses van moderne materiale soos staal en glas gebruik gemaak is sonder om afbreuk te doen aan die kerklike karakter of atmosfeer van die gebou.[49]

---

[46] P.R. Botha, Modern churches of South Africa, *Your Church* 7(4), Oct-Nov. 1961, p. 18.

[47] J. de Ridder, *Lesing gehou voor die Boukundige Studentevereniging van die Universiteit van Pretoria,* September 1955.

[48] J. de Ridder, *Alumni van die Universiteit van Pretoria*, Junie 1993.

[49] P.J. Risseeuw, Tabernakelkerk in Pretoria, *Centraal Weekblad* 32, 1963-08-10, p. 4; Anoniem, Moderne kerke in Suid-Afrika, *Suid-Afrikaanse Panorama*, Maart 1959, pp. 34-35.



**Figuur 25: Plan, buitebeeld en binneruim, Gereformeerde kerk, Pretoria-Suid, 1958**
(Foto: Johan de Ridder Argitekte)



**Figuur 26: Plan, buiteaansig en binneruim, Gereformeerde kerk, Totiusdal, 1995**
(Foto: Johan de Ridder Argitekte)

Met een of twee uitsonderings het die dak die oorheersende kenmerk gebly van die kerke wat hierna deur hom ontwerp is; so ook meestal die waaiervorm vir planne. Soms is hulle wyd oopgevou soos in Krugersdorp (1956) en soms is teenoorstaande waaiers saam gebruik soos in Potchefstroom (1959). Die gedagtes is moontlik die beste saamgevat in ’n kleiner Gereformeerde kerk vir 471 lidmate wat in 1959 in Totiusdal opgerig is. Hier word die enkelruim onder ’n steil klimmende dak gehuisves en in die gevolglike voorgewel word selfs die toring inkorporeer. Die binneruim is gestroop van selfs dakbalke, sodat die plafon soos ’n seildoek oor die gemeente hang **(Figuur 26).**

## Nawoord

Wynand Louw, J. Anthonie Smith en Johan de Ridder was nie al argitekte wat kerke ontwerp het nie en in die jare sestig, sewentig en tagtig van die twintigste eeu is talle en soms innoverende geboue deur Paul le Roux, D.P. Kesting, Jan van Wijk en J.M.J. Koorts en ander deur die land opgerig. Hulle is ontwerp en gebou nadat verskeie ondersoeke na gepaste vormgewing gedoen is. Die drie argitekte wat hier bespreek is, het voor hierdie besinning, individueel na planvorms gesoek wat paslik vir die Afrikaanse Gereformeerde liturgie sou wees.

Die Gereformeerde kerkritueel en die nadruk op die Woord as die belangrikste funksie van die geboutipe, het vele interpretasies toegelaat en elkeen van hierdie argitekte kon ’n eie soektog en eie verwerking van die beginsels naloop en het meer as 200 kerke hiervolgens opgerig. En, ten spyte van latere besinning oor die ideale kerkplan, het ’n wye verskeidenheid oplossings ook na hulle die lig gesien.

Die sinodale kommissie van die NG-kerk, waarby die argitek D.P. Kesting betrokke was, en Koorts het tot die gevolgtrekking gekom dat die reghoekige planvorm die ideale een is en baie kerke is hierna hiervolgens ontwerp – ook deur De Ridder.

Louw sou sý ideale vorm in die tradisionele kruiskerk soek en dit algaande verander om aan die vereistes van die Gereformeerde liturgie te voldoen. Hierin slaag hy veral in kerke vir groot gemeentes en deur die sirkelvormige rangskikking van die kerkbanke om die preekstoel.

Smith het, met sy belangstelling in die teateruitleg en akoestiek, van die tradisionele vorm weggebreek en die oplossing in die funksionele vierkant gesoek, hoewel hy later die skraler waaier en die vroeg-Christelike basilikavorm ondersoek het.

De Ridder het van die standpunt uitgegaan dat tydgenootlike teorie en materiaal ook in kerke moes figureer en in sy meestal kleiner kerke vir minder as 700 lidmate, het hy hierdie beginsels deurgevoer. Of die simboliek van biddende hande en ’n tydelike tent deur waarneming van sy eerste ontwerpe gegroei het, is moeilik om te sê, maar die simboliek sou later oorheers en kenmerkend van sy kerke word.

In hierdie artikel is op die planvorm konsentreer, maar die baie fasette van kerkbou soos deur kommissies beklemtoon, speel almal rolle in die sukses van die ontwerp en kan afsonderlik en gesamentlik tot ’n aansienlik langer studie en argument lei. Die plasing van die orrel benodig ’n eie ondersoek, omdat dit die ontwerp van die binneruim sterk beïnvloed. Om liturgiese en praktiese redes kom die sinodale kommissie en Koorts tot die gevolgtrekking dat die orrel agter in die kerkruim en buite sig van die gemeente hoort.[50]

---

[50] H.D.A. du Toit (red.), *Sinvolle kerkbou*, pp. 62-66; J.M.J. Koorts, Beginsels van Gereformeerde kerkbou, pp. 75-78.

Dit was natuurlik nie die tradisionele gebruik toe Wynand Louw begin het om kerke te bou nie, maar mettertyd het hy die orrel na die kant van die preekstoel en later na die agtermuur verskuif. In die eerste kerke van Anthonie Smith was die orrel agter en bo die preekstoel. Hy het dit later om praktiese redes na die agterkant verskuif, omdat die stem van voor en die musiek van agter, uit die grootste volume van die waaiervorm, akoesties beter beheer kon word. De Ridder beskou die plasing van die orrel agter in die kerk weer eens as "simbolies ... hoe die gemeente deur sang antwoord op die Woord van God wat tot hulle kom vanaf die kansel."[51]

Vandag, as gevolg van 'n aanpassing van die aard van die erediens in talle gemeentes, word die orrel met klaviere, dromme, kitare en klankstelsels aangevul wat voor en om die preekstoel geplaas word. Hierdie invoerings is natuurlik nie deur die argitekte voorsien nie en die losstaande musiekinstrumente verbreek dikwels die klare orde wat deur hulle gesoek is – maar ook hierdie aspek verdien 'n ondersoek van sy eie.

**Erkennings**

Inligting, illustrasies en hulp is verskaf deur: Alida Attwell, Bellville; Hannes Smith, Bela-Bela; Johan en Tienie de Ridder, Pretoria; Wynand Louw en Eugene da Silva, Paarl; Marlene Schoeman, ABID, Stellenbosch; di. Wicus Wait, Jan Kampman en Jasper van der Westhuizen, Port Elizabeth en prof. OJO Ferreira, Jeffreysbaai.